NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

Tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

February 2009 **Februarie 2009**

www.ptawoodworkers.com

Redaksioneel

Die algemene jaarvergadering, wat op 29 Januarie gehou is, het hierdie jaar besonder gou en glad verloop. Die voorsitter se jaarveslag het net weer eens aan ons almal die boodskap oorgedra dat daar tog baie dinge deur die jaar gereël word. Dit is ook duidelik dat sulke reëlings nie sonder 'n mate van pyn plaasvind nie en dat daar 'n hele paar staatmakers op die komitee (en in die vereniging) is wat deurlopend sorg dat ons almal waarde vir ons ledegeld kry. Daar is tydens die vergadering waardering uitgespreek teenoor die voorsitter en die komitee wat hom bygestaan het. Ek glo dat dit ook gepas is om hier weer eens te beaam dat die mense hulsef baie goed van hul taak kwyt. Dankie manne, ons waardeer dit hoewel ons dit moontlik nie altyd laat blyk nie.

From my side I would like to say ; "Thank you for the kind words aimed at the ***Tambotie*** and my part in it." As time goes on I need more and more motivation to sit down to get something together that may be of interest to some of you guys. To hear that some of it is appreciated really helps me to continue. Thank you.

This month is the 20th anniversary of our association. (A bit further on we have a story about the founding of the ***Woodworkers Association of Pretoria.)*** I do believe that this year should be a year where we all should try to make a special effort to get a lot of highlights in our activities. The committee indicated that they intend to make it a memorable year, and I am sure that all of us will agree that all our members should be comitted to join in on this.

Ek is self betrokke by die draaiers, maar ek begin bekommerd raak dat hierdie groep dalk 'n te groot deel van ons vereniging begin vorm! Die ouens is by elke uitstalling, besoeke aan buur- en landwye houtwerk (draaiwerk) gebeure en byeenkomste betrokke. Hulle laat hulself deeglik geld, soveel so dat verskeie van hulle al landwyd (en selfs in die buiteland) bekend is vir hul bekwaamheid. Ons moet werklik hierdie mense se voorbeeld begin navolg en poog om die kabinetmakers se getalle, asook die hoeveelheid werk wat uitgesit word, soortgelyk na 'n hoër rat oor te skakel. (***Kyk gerus na die program van die kabinetmakers, asook die staande uitnodiging wat hierdie groep aan ons almal rig om hul byeenkomste by te woon)*** In hierdie groep is daar mense soos Brian Addis, Steyn Gove, Danie Venter en andere wat reeds getoon het dat hulle in staat is om baie kennis en vaardighede oor te dra wat net kan bydra tot die res van ons se algemene houtwerkvaardighede. Benewens hierdie groep, is daar nog ander baie bekwame houtwerkers soos Willie Marneweck, At Smit, Keith Jones, Okkie Swanepoel en so aan, wat enige houtwerk-verwante probleem kan oplos. Ek wil vra dat ons die een paragraaf in die konstitusie, wat meld dat ons ons ten doel stel om goeie houtwerk te bevorder, hierdie jaar voorop sal stel!

In order to try and make a contribution, the editor of *Tambotie* will sponsor a prize of R200 for the best table at our yearly exhibition. The only limitation is that the table top should not measure more than one square meter. The idea is to see a lot of tables, of all sorts!

Programme for February

- **Saturday, 14 February, at 09h00: Cabinetmakers will host training session 1 at Brian Addis's work shop. 84 Christine Road, Lynnwood Glen. Telephone; 012 361 2756.**

- **Saturday, 21 February, at 09h00: the turners will meet at Leon Langenhoven's workshop. The theme for the day is to get a bit of hands on experience, with competent turners to assist.**

- **Wednesday, 25 February: Normal monthly meet at the Jan Smuts Botany Laboratory, University of Pretoria. Members of the Knifemakers Guild will demonstrate the finer points of knife making.**

ONTSTAAN VAN DIE HOUTWERK VERENIGING VAN PRETORIA

Deur Willie Marneweck

Probeer jou indink hoe dit vir die houtwerker in Pretoria moes gewees het sonder die bestaan van die Houtwerk Vereniging van Pretoria.

Jy was alleen met jou stokperdjie besig en het beswaarlik iemand geken wat ook meegedoen het. Daar was nie 'n groep van draaiers of skrynwerkers by wie jy jou kon skaar nie, daar was nie 'n maandelikse byeenkoms van houtwerkers nie, daar was nie uitstallings nie. Daar was meestal niemand by wie jy kon aanklop vir advies, hulp of selfs 'n ou plankie nie. Regtig, daar het niks gebeur nie. Jy het in 'n vakuum geleef met jou stokperdjie.

Elke ander stokperdjie wat mens aan kan dink het waarskynlik 'n belangegroep of een of ander soort vereniging of klub. Maar twintig jaar gelede was daar nêrens in die land so iets vir die houtwerkers nie. Nie in Pretoria nie, en ook nie elders nie. Die vraag was destyds of daar wel 'n behoefte vir 'n samesnoerende liggaam was.

Om te peil of daar belangstelling was, was daar toe berigte in vier plaaslike koerante geplaas. Dit het lewendige belangstelling uitgelok. Kort daarna was 'n informele byeenkoms gehou aan huis van Willie Marneweck. Hierdie rigtinggewende byeenkoms het 25 baie entoesiastiese persone gelok en dit het plaasgevind op 1 Februarie1989. Heelwat van die manne het sommer 'n houtwerk item saamgebring om 'n bietjie te spog of net te wys waarmee hulle besig was. Almal, sonder uitsondering, was dit eens dat daar 'n vereniging gestig moet word. Daar was toe besluit om 'n paar, sowat vier persone, af te vaardig om 'n voorgestelde grondwet saam te stel en daarna 'n stigtingsvergadering te belê. Die afgevaardigdes het vervolgens hulle daaraan toegewy om 'n grondwet op te stel. Daarna was 'n formele stigtingsvergadering belê.

Die stigtingsvergadering was gehou op 15 Maart 1989. Die geleentheid was weer in die plaaslike koerante geadverteer. Dit het plaasgevind in die Scoutsaal in Lynnwood. Die bywoning was besonder goed en omtrent almal teenwoordig het na afloop van die stigting by die nuwe vereniging aangesluit. Interessant genoeg, daar was twee persone van iewers in Johannesburg wat teenwoordig was maar nie aangesluit het nie. Hulle het mooi na die hele besigheid kom kyk, kopieë van die grondwet geneem, en nie lank daarna nie is die Witwatersrandse vereniging gestig!

Tydens die vergadering is Willie Marneweck as voorsitter verkies, Nico Scholtz as ondervoorsitter, Derrick du Toit as sekretaris en Jaco van Eck as tesourier. Die voorgestelde grondwet is sonder wysiging aanvaar. Daarna het lede aangesluit en die nodige fooie betaal. Daar het toe sowat 50 persone aangesluit.

Soos die jare aangegaan het, het ander verenigings elders in die land ontstaan. Party is ongelukkig net vir draaiers. Nietemin, ons vereniging was die eerste. In die "Rekord" van 20 Julie 1990 word daar berig dat die Vereniging reeds 101 lede het.

Elke vereniging het 'n nuusbrief nodig en so was die ***Tambotie*** kort na stigting gelanseer. 'n Kompetisie was uitgeskryf om 'n embleem vir die Vereniging te ontwerp. Hierdie kompetisie was gewen deur Anton van der Merwe, seun van oorlede oom Louis, ook 'n stigterslid. Die embleem is vandag nog net dieselfde.

Die volgende persone het as voorsitters gedurende die bestaan van die Vereniging gedien:

Willie Marneweck
Daan Badenhorst
Roger Courtney
Chris Serfontein
Vlooi van Rooyen
Ockert Swanepoel
Louw Coetzer
At Smit
Anton Louwrens (huidig)

Die stigterslede wat nog lede is:

Roger Courtney
Pieter du Preez
Johan du Toit
Bokkie Lotz
Willie Marneweck
Don Moody
Monty von Elling

Previous meeting

Our previous meeting was the Annual General meeting. The evening was mostly spent on a review of last years proceedings, the finacial matters of the association and the selection of the new committee. All these actions were handled in a relaxed manner and everybody prsent agreed that the association is still on a sound footing with lots to present to the members. The committee had a fair amount of proposed activities for the coming year and these were extended by some suggestions from the floor. An appeal was made that all our members must make suggestions as to specific aspects that should/could be included in our year's activities. These to also include such aspects that can be presented by the members themselves. During all these discussions, it once again became clear that the monthly meetings is but a small amount of what the association has to offer. Everyone must make an effort to attend the meetings of one or more of the interest groups within the association. Furthermore, we will have to visit each other so as to be able to learn skills from each other! By doing this, everyone will benefit. (**Lately I have been noticing that apart from Brian Addis, Jack Munting, Roger Courtney, Paul Robberts, Steve Galinos and some that I may have missed, we have quite a few members who are English speaking. On their behalf I want to ask the committee, as well as the members, to try and use more English at the meetings. Some of these guys realy have problems to follow discussions in Afrikaans. Some can not speak or understand any Afrikaans- not because of their own choice, but purely due to circumstances. Let us make a concerted effort to let them feel welcome and to help them get as much as possible out of the proceedings! To these members I want to say; you are more than welcome and , please feel free to ask for translations where things go to quick for you to follow where it is in Afrikaans–or bad English - Ed)**

The new committee that was chosen at the AGM consists of the following office bearers:

Naam	E-Pos adres	Tel
Anton Louwrens (Voorsitter)	anton49@mweb.co.za	082 885 9222
Willie de Wet (Visie voorsitter)	willie@just4u.co.za	082 330 5123
Dries du Toit (Tesourier)	dries.dutoit@up.ac.za	082 883 7624
Leon Wolmarans	leon.w@absamail.co.za	072 179 7545
Gerhard du Randt	gerann@vodamail.co.za	012 329 4110
Paul Roberts	paul.roberts@worldonline.co.za	084 515 2773
Lou Coetzer	nebraska494@goggaconnect.co.za	082 332 5786
Reinald Böhringer	bohringerr@gmail.com	012 803 0191
Francois van Wyk (Sekretaris)	francoisvw330@gmail.com	082 572 5685
Louw Trichardt (Redakteur *Tambotie)*	louwmarie@icon.co.za	082 371 5643

Please contact these people to clear up any problems concerning the association.

Our next meeting will once again be at the Botany Department of the University of Pretoria, on Wednesday, 25 February at 18h00. The evening will be in the hands of knive makers from the knive making guild. Hierdie ouens is werklike vakmanne en hulle gaan vir ons al die fynere kunsies ten opsigte van die maak van messe wys. Wat veral van belang mag wees is hul afwerking wat insluit die impregnering van hout en selfs been vir die handvatsels/hewwe van messe. Indien daar

genoegsame tyd oor sal wees en daar dan nog genoeg belangstelling deur die lede sou wees, sal ‘n goeie video aangaande die maak van stoele ook vertoon word. Die aand beloof om weer eens ‘n groot sukses te wees.

From the management

With the Annual General Meeting behind us we can now welcome two new members on the management, Leon Wolmarans and Reinald Böhringer. We are sure they will bring “new blood” and ideas to the management. As always the pledge of the management is that they will do their best on behalf of our Association in realising its objectives and make membership worthwhile.

We already have an interesting meeting lined up for February. At the AGM members were also requested to forward their ideas and needs for items to be discussed or demonstrated at our monthly meetings to any one of the management or the Editor and we hope that members will assist us in this regard.

Members are reminded to pay their subscriptions for 2009, which is the same as last year (R180). The management decided to subsidise the subscription of members to other woodworking organisations and to this end member subscriptions of AWSA (Association of Woodturners of South Africa) will be subsidised this year.

It is reassuring to note that younger persons have joined our Association during the past months which might change the profile of our membership somewhat. Speaking of which – if we have to speak all the languages of our members we will have to get translators for Russian, Portuguese (Brazilian) and German. Luckily most members understand English and Afrikaans and we get along very well.

Ons Vereniging is in Februarie 1989 gestig en ons vier dus hierdie jaar ons 20ste bestaansjaar. Alle eer aan die stigters van die Vereniging wat iets goeds en standhoudend begin het en nog altyd die dryfkrag gebly het om toe te sien dat die Vereniging bly voortbestaan.

Anton Louwrens: Voorsitter

Turners’corner

We started this years’ proceedings at Lou Coetzer’s workshop. We had a very good turnout and all the members seemed fired up for the coming year. A lot of time was spent on proposals for the coming year’s activities. (This has a lot of potential to keep all of us busy and interested ! – Ed)

The work that some of our members produced over the holiday period was then viewed and discussed.

A portion of the items that were produced during the holidays. As has become customary with the turners- a lot of nre techniques and ideas, and with an apparent raise in the standards of turning by all the participants

Willie de Wet demonstrating the finer points in turning armbands.

The next turners’ meeting wil be at Leon Langenhoven’s workshop. This will be on Saturday, 21 February, at 09h00 hours. With all the available lathes it will once again be a productive hands on affair where everyone can get tuition by experts who may be more adept than themself in the handling of specific tools. This will

be followed by a “bring en braai.”Leons address is: Plot 4, Bon Accord. His telephone number is:082 514 1685. Should you have doubts about getting there, pleas contact Leon for route descriptions.

Turners to take note that the management has decided to sponsor membership of the AWSA to the amount of R100 per person who has been a member of the association for at least 1 year. Members who havae already paid their R200 subscription for AWSA-membesrship for 2009, will be re-imbursed to the amount of R100

BOME VAN DIE JAAR VIR 2009

Boomplantdag (Eng. **Arbor Day**) het reeds sover terug as 1872 in die Amerikaanse staat Nebraska ontstaan. Die idee het begin by ‘n nuwe intrekker, mnr J. Sterling Morton, toe hy met die boomlose vlaktes van Nebraska kennis gemaak het. Hy was ‘n vurige boomliefhebber en het die plaaslike landbouraad oorreed om ‘n dag af te sonder vir die aanplant van bome in daardie streek. As redakteur van die plaaslike koerant kon hy ook baie mense met hierdie idee bereik en daartoe oortuig. Hy het baie moeite gedoen om die lesers in te lig oor die waarde van bome vir grondbeskerming, vir hul vrugte, vir skadu en as bron van boumateriaal. Mnr Morton het selfs sy huis **Arbor Lodge** gedoop.

Binne twee dekades daarna is Boomplantdag in alle Amerikaanse state ingestel en het die idee selfs wêreldwyd posgevat. Tans is Boomplantdag ‘n jaarlikse instelling in al die Amerikaanse state gedurende die tweede week in Augustus. Dan word erkenning gegee aan mnr Morton se ywer en sy slagspreuk: “**other holidays repose upon the past; Arbor Day proposes for the future”**.

In Suid-Afrika het die Kabinet in 1982 sy goedkeuring geheg aan die instelling van ‘n Nasionale Boomdag, wat later tot Nasionale Boomplantdag herdoop is. Die tweede Vrydag in Augustus elke jaar is vir dié doel aangewys. Daar is toe ’n amptelike Boomplantdag vir die eerste keer in 1983 gevier hoewel ‘n **Boom van die Jaar** reeds van 1975 af, met die uitsondering van 1979, jaarliks gekies is. In 1975 is met die genus *Podocarpus* (Geelhoutbome), ons nasionale boomsoort, begin. Die instelling van hierdie dag het die oogmerke gehad om die Suid-Afrikaanse publiek bewus te maak van die groot verskeidenheid inheemse boomsoorte, om hulle in te lig oor geskikte inheemse soorte met ‘n ornamentele potensiaal asook om die aanplant en bewaring van bome te bevorder sodat ‘n meer diverse en interessante omgewing vir alle Suid-Afrikaners geskep kon word. As ‘n bron van boumateriaal, voedsel, medisyne en verfraaiing van die omgewing, speel bome ‘n belangrike rol in die welstand van menige gemeenskap.

Die nasionale regering was in so ‘n mate getref deur die bruisende entoesiasme vir deelname aan ‘n Boomplantdag in Suid-Afrika, dat die Kabinet in 1999 besluit het om die aksies en vieringe van Boomplantdag na ‘n Nasionale Boomweek (**Arbor Week**) uit te brei. Daarvoor is die week vanaf 1 tot 7 September vir elke jaar aangewys. Alle skole, universiteite, besighede, verenigings en staatsdepartemente word jaarliks aangemoedig om deel te neem aan die Boomweek deur bome te plant en die publiek oor die belangrikheid van bome in te lig deur middel van boompraatjies en -lesings.

Die Suid-Afrikaanse flora is reeds wêreldwyd bekend vanweë sy ryke verskeidenheid – en dit geld ook die meer as 1000 inheemse boomspesies. Ter vergelyking kan gemeld word dat Suid-Afrika meer as twee keer soveel inheemse boomsoorte as die Verenigde State van Amerika het. Met soveel inheemse soorte in Suid-Afrika, sou dit meer as 1000 jaar neem om teen ‘n tempo van een soort as boom van die jaar, al die inheemse boomsoorte te kon leer ken. Daarom word sedert 1996 jaarliks twee bome van die jaar gekies – een ‘n meer bekende soort en die ander ‘n skaarser en minder bekende soort. Laasgenoemde het gewoonlik goeie potensiaal as ornamentele boom, of vir sy vrugte, of vir sy medisinale waarde, of soms is dit ‘n bedreigde soort. Toe is bereken dat ons al die inheemse boomsoorte darem binne 500 jaar sal kan leer ken. Intussen het die departement Waterwese en Bosbou verlede jaar besluit om nog 'n naam by die jaarlikse lys te voeg na 'n versoek deur die kwekery-industrie vir 'n maklik kweekbare soort. Daarom word daar tans drie bome van die jaar aangekondig.

Vir 2009 is die volgende drie boomsoorte aangewys:

Acacia galpinii (**Apiesdoring / Monkey thorn**) as die maklik kweekbare keuse, en *Halleria lucida* (**Notsung / Tree fuchsia**) en *Pterocarpus rotundifolius* (**Dopperkiaat / Round-leaved Teak**) as die twee minder bekende soorte.

Van hierdie drie boomsoorte is *Acacia galpinii* seker die bekendste en word reeds baie algemeen in tuine van die somerreënvalstreek aangeplant. Dit is 'n peulplant van die familie Mimosaceae, en is vernoem na dr E.E.Galpin, 'n plantkundige, wat die

boomsoort naby Nylstroom (Modimolle) ontdek het.

Acacia galpinii is 'n doringboom met gepaarde katnael-dorings aan die basis van elke blaar en dra sy massas blomme in are. Die bloeiwyses verskyn nog voor enige van die blare sodat die blommende boom van rooi tot donker geel vertoon. Die oorheersende geel is as gevolg van die groot aantal meeldrade per blom.

Die bas van *Acacia galpinii* herinner 'n mens baie aan dié van Papierbas (Paper bark) (*Acacia sieberiana*) en kan maklik daarmee verwar word. *Acacia sieberiana* het egter reguit steekdorings en hulle blomme word in liggeel hofies (bolletjies) gedra.

Die hout van *Acacia galpinii* is swaar met 'n duidelike onderskeid tussen kernhout (duramen) en saphout (alburnum). Sommige draaiers het al puik items van hierdie houtsoort gedraai. Dit lewer ook redelike kole vir vleisbraai.

Pterocarpus rotundifolius (Dopperkiaat / Round-leaved Teak) is ook 'n peulplant, maar behoort tot die familie Fabaceae en is verwant aan *Pterocarpus angolensis* (Kiaat / Wild Teak). Hul dra tipiese geel ertjieblomme met donkergroen blare wat enkelveervormig saamgestel is (pinnately compound) teenoor *Acacia galpinii* se dubbelveervormig saamgestelde blare (bipinnately compound). Die *rotundifolius* verwys na die ronde, sirkelvormige pinnas van die blare.

Die blare van *Pterocarpus rotundifolius* is baie gesog by beeste en wild, maar hul hout is nie besonder geskik vir meubelhout nie en het 'n onaangename geur wanneer dit vars gesaag word. Dit is wel geskik vir kleiner draai-items en huis-implemente. Die saad kiem maklik en die bome floreer in huistuine. Beide bogenoemde peulplante is bladwisselend.

Die immergroen *Halleria lucida* (Notsung / Tree Fuchsia) behoort tot die familie Scrophulariaceae (Leeubekkiefamilie), groei selde tot 'n middelslag grootte boom en is gewoonlik meerstammig. Dit geniet die wydste verspreiding van die drie gekose boomsoorte en kom vanaf die Noordelike Provinsie tot onder in die Kaap voor - al met die ooskus langs. Die nektarryke blomme is buisvormig, oranje tot rooi en word in groepe aan die stingels gedra. Hierdie boomsoort blom reeds van 'n vroeë ouderdom af en is ideaal om suikerbekkies na jou tuin te lok.

Die hout van *Halleria lucida* is geel-wit, redelik swaar en het 'n fyn grein. Sover bekend word dit slegs vir gereedskapstele gebruik. Aftreksels van die blare en wortels word as oordruppels aangewend, terwyl verskillende dele van die plant soos hangers om die nek gedra word om die draer teen weerlig en die bose te beskerm.

Pragtige kleurfoto's van die bome, hul blare, blomme en vrugte is te sien in die boek van die drie Van Wyks (Braam, Piet en Ben-Erik) : **Photographic guide to TREES of Southern Africa**, uitgegee deur **Briza Publikasies**. In hierdie boek kan ook heelwat meer oor elkeen van die boomsoorte en hul aanverwantes gelees word.

Dopperkiaat (Pterocarpus rotundfolius)

A Bonsai of a Monkey Thorn (*Accasia galpinii)*

Tree Fuchsia ***(Halleria lucida)***

(I got these photos off the inernet. For the bird watchers, I want to qoute what they have to say about the Tree Fuchsia: *Not only is Halleria lucida an attractive tree and an asset to any garden, it is also one of the best bird attracting trees. (Nie om Lou te probeer aanvul nie, slegs ter onderstreping –* Red))

Meubelmakers

Verlede jaar was ’n jaar waar die meubelmakers baie geleer het. Dit word veral toegeskryf aan die opleidingsessies en besoek aan die meubelfabriek. Tydens die jaar oorsig en beplanning vir 2009 is besluit om voort te gaan met die opleidingsessies en besoek aan ’n fabriek. Soos met verlede jaar is die opleiding sodanig dat die item wat vervaardig gaan word, met groot vrug in die werkkamer gebruik kan word en die geleentheid gee om basiese tegnieke te leer. Die doel is nie om ’n uitsonderlike item te maak nie, maar om nuwe tegnieke aan te leer. Hierdie jaar word ’n kassie op rolwieletjies (castor wheels) gemaak. Die enigste detail inligting is dat die kassie laai(e), rak(ke) en deur moet bevat. Die spesifieke doel, afmetings, materiaal, ens word oorgelaat aan die individu. Die opleiding word in die volgende drie sessies gedoen:

Sessie 1: Bespreking van karkas konstruksie asook die bespreking en demonstrasie van moontlike voeë wat gebruik kan word. Tydens die sessie word verskeie idees vir aanwending van die tipe kassies deurgegee.

Sessie 2: Hierdie sessie behels die maak van laaie, deure en rakke.

Sessie 3: Behels die passing van laaie, deure asook die aanbring van skarniere, laaigidse, knippe, ens.

Die finale produkte sal vertoon en bespreek word as deel van ’n latere sessie, soos ooreengekom. Die eerste drie maande word afgestaan aan die opleiding. Bespreking en demonstrasies word tydens die maand sessies gedoen en elkeen werk op sy eie teen sy eie tempo aan die projek. Onderlinge skakeling tussen meublemakers en hulp aan mekaar word aangemoedig.

Voorsiening is gemaak vir ’n vierde opleidingsessie onder leiding van Dennis Lock. Hierdie jaar is dus die jaar van opleiding.

Soos in die verlede is die byeenkomste op die tweede Saterdag van die maand tussen 09:00 en 11:00. Die plek van byeenkoms gaan by verskillende lede van die meubelmakers gehou word op ’n afwissellende basis. Februarie se byeenkoms is op Saterdag die 14de by Brian Addis te Cristineweg 84, Lynnwood Glen. Brian se telefoonnommer is 012 361 2756.

Die volledige program vir 2009 is as volg:

MAAND	DAG	TYD	ONDERWERP
Februarie	14de	09:00	Opleidingsessie 1
Maart	14de	09:00	Opleidingsessie 2
April	11de	09:00	Opleidingsessie 3
Mei	9de	09:00	Skaafwerk
Junie	#	#	Besoek aan fabriek

Julie	11de	09:00	Hout tegnologie
Augustus	#	#	Router opleidingsessie
September	12de	09:00	Produksieprosesse
Oktober	10de	09:00	Afwerking & beskerming
November	4de	09:00	Oorsig en beplanning

Dag en tyd sal bekend gemaak word nadat reelings gefinaliseer is

Enige lid van die Vereniging is meer as welkom om die Meubelmakers se byeenkomste by te woon.

Danie Venter

New members

A haerty welcome is hereby extended to the following new members that have joined the Woodworking Association of Pretoria since our last publication. (I am not very sure whether we have included all new memebers over the last year, and would therefor ask that anybody who knows of any ommisions should notifiy me so as to be able to correct any such mistakes. The same goes for anybody who does not receive his or her ***Tambotie***.)

Name: Aronja Apa (Alvares)

Address: 39 Fairview Street, Lynnwood Manor

Cell: 076 699 3675

E-mail: alvarezparjona@gmail.com

Interests: Turning.

Name: Goveia(Vitor) VM de O

Address: 264 Troye Street, Sunny Side

Tel: 012 440 9987

Cell: 082 466 5885

E-mail: Vicgoveia@mweb.co.za

Interests: Turning and general woodworking

Name: Mostert (Kobus) J P

Address: 389 Pauline Spruit Street./ PO Box 905 629, Garsfontein, 0042

Telephone; 012 361 7498

Interests: Turning

Name: Uitenbogaard (Willem) WB

Address: 689 Esther Street, Garsfontein.

Telephone: 012 998 6601

Cell: 082 662 3887

E mail: psa@tntmail.co.za

Interests: Turning and general woodwork

For sale due to owners illness

Tri Star 14" bansaw

Tri Star lathe

Disc/beltsander combination

Elu electronic Router with attachments

Ryobi hand power planer.

Contact P Honniball, 082 766 3786

Redaksie

Redakteur: Louw Trichardt

Adres: Bus 50606, Wierdapark, 0149

Telefoon: 012 653 1874

E-pos: louwmarie@icon.co.za